

Lees die artikel en die annotasies daarby saam met die leerders. Bespreek aspekte waaroor hulle onseker is. Die leerders kan die vrae vir huiswerk doen. Bespreek die antwoorde wanneer dit in die klas nagesien word.

Post-lees: Verstaan die teks

a. Kenmerke van die instruksieteks

1. Leerders werk in groepe of individueel om die kenmerke in die teks te soek.
2. a) werkwoord
b) Dit is belangrik omdat 'n mens moet weet hoe om iets spesifiek te doen. Instruksies is ook daar om jou van iets te leer. Sonder instruksies sal jy bv. nie 'n model kan bou, 'n nuwe bordspeletjie kan speel, 'n nuwe sportsoort kan beoefen of 'n nuwe musiekinstrument leer bespeel nie!
c) Hierdie teks is gemik op eienaars van spesifieke honde, wat wil hê dat hul honde saam met hulle moet draf/hardloop. Die instruksies is dus van toepassing op honde-eienaars en dit gaan oor hoe om honde fiks te kry om saam met hul eienaars te kan hardloop.

b. Beantwoord begripsvrae

1. 'n Tydskrif vir mense wat hardloop/draf as 'n sport beoefen. (*Runners World* is só 'n voorbeeld.) Dit kan dalk ook in 'n tydskrif vir diere-gesondheid verskyn.
2. Drawwers wat hondeliefhebbers is.
3. Dit is meer gepas omdat die skrywer daardeur direk na honde verwys en dit pas by die toon van die artikel, wat lig en informeel is. Dit gee 'n mens ook dadelik 'n idee waarom die artikel handel.
4. Wat jou hond kan doen of nie doen nie – wat die beperkinge van jou hond is.
5. a) Onwaar. Jou voete kry nie seer op 'n harde pad nie, maar 'n hond s'n kan seerkry – “sagte grond is beter as die teerpad”.
b) Onwaar. 'n Hond het kussinkies onder sy pote wat 'n natuurlike beskerming is. Hy kan dus op oppervlaktes hardloop waar 'n mens skoene nodig het. Die kussinkies kan egter wel seerkry.
6. “Woef se beste vriend”
7. Dit is ironies dat daar na mense as 'n hond se beste vriend verwys word, terwyl mense hul honde tog dikwels verwaarloos. Ons beskou onself as ons hond se beste vriend, maar gee hom nie genoeg oefening nie. (Wys die leerders daarop dat dit goed is om 'n antwoord soos hierdie met *Dit is ironies* te begin en daarna die rede waarom dit ironies is, te gee.)